**Saterdag 20 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 22:1-14; Hebreërs 11:17-19; HK Sondag 7, Vraag 21**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:17**

## ’n Ware geloof: kennis en vertroue

Die ware geloof wat uit ’n vasstaande kennis van God en ’n vaste vertroue op God bestaan, tref ons by Abraham aan. Dit word veral duidelik as die Here hom beveel om sy seun, Isak, te gaan offer (Gen. 22). Abraham het God geken. Hy het geweet dat God altyd getrou is: Hy hou Hom aan sy woord. Sy beloftes sal Hy vervul, gewis en seker. Hy het dit in die verlede gedoen en Hy sal dit nou ook doen. God het self gesê dat sy nageslag uit Isak gebou sal word.

Hoe moet dit dan gerym word met die Here se opdrag aan hom om Isak te gaan offer? Hoe Abraham onder die omstandighede oor God se opdrag gedink het, sien ons uit sy antwoord toe Isak hom gevra het waar die lam vir die offer is. Hy het gesê: *“God sal sy eie offerlam voorsien”* (Gen. 22:8). Daarmee sê hy eintlik dat hy ook nie weet nie, maar tog aan die ander kant daarvan seker is dat God Self daarvoor sal sorg. Daarom was daar vir Abraham as gelowige net een antwoord op die probleem waarvoor hy gestel is: God wat deur die geboorte van Isak uit Sara toe sy reeds 90 jaar oud was, reeds die onmoontlike laat plaasvind het, sal nou ook die onmoontlike laat plaasvind: nadat hy Isak doodgemaak en hom geoffer het, sal God hom weer lewendig maak en uit die dood laat opstaan (Heb. 11:17-19).

Abraham het as gelowige God geken, nie maar net soos Agrippa met ’n bloot verstandelike kennis nie (vgl. 17 Feb.), maar met die liefde van sy hart. Dit was ’n kennis van God waardeur hy alles vir waar en seker aanvaar het wat God aan hom gesê of geopenbaar het. Abraham het God geken as die getroue God wat nooit wankel in sy trou of ooit sy waarheid skend nie (Ps. 89:13 berymd), daarom kan hy ook met sy hele hart op God *vertrou* dat Hy sal laat gebeur wat Hy beloof het en soos Hy beloof het.

Om werklik met ’n ware geloof te kan glo, is kennis van God en vertroue op God ewe noodsaaklik. Die een kan nie sonder die ander een nie. Kennis van God sonder vertroue op Hom is historiese geloof (vgl. 17 Feb.), en vertroue sonder kenis is ’n openbaring van tydgeloof (vgl. 18 Feb.). As Abraham God nie geken het as die Een wat Hom onwrikbaar aan sy beloftes hou nie, sou hy ook nie op Hom kon vertrou nie. So is dit ook met ons. Ons moet God ken uit sy Woord en Hom dan ook vertrou dat Hy ons sal laat deel in die verlossing van sonde deur die verdienste van Jesus Christus.